Standard Bank

# Standard Bank Cheque Card terms and conditions (Terms)

Afrikaans op keersy

## 1 Introduction

1.1 These Terms become effective when you apply for a Standard Bank Cheque Card.

1.2 You must know, understand and comply with these Terms and the General Terms and Conditions as they are a binding agreement between you and us.

1.3 If there is a conflict between these Terms and the General Terms and Conditions, these Terms will apply.

**1.4 Important clauses which may limit our responsibility or involve some risk for you will be in bold and italics or highlighted. You must pay special attention to these clauses.**

## 2 Definitions

We have defined some words for consistency. These words will begin with a capital letter, where indicated. Singular words include the plural and the other way round.

| Word | Meaning |
|---|---|
| **Accountholder, you, your** | The person who conducts a current account or has applied for and was granted a current account. |
| **Additional Card** | Any additional Cheque Card linked to your Account. |
| **ATM** | Automated Teller Machine |
| **Card** | Means a Standard Bank Cheque Card which is linked to the Current Account |
| **Card Transaction** | A debit made using your Card at a Merchant. |
| **Current Account** | The Account opened by us in your name at your request to whom all Card Transactions will be debited. |
| **Debit** | The movement of money out of your Account. |
| **EDC** | A chip-enabled electronic data capture. |
| **Internet Shopping PIN** | An additional PIN which you may create for use when shopping on the Internet using your Card. |
| **LCP** | Lost card protection insurance. |
| **Merchant** | A supplier of goods or services. |
| **PIN** | A confidential personal identification number used for Operating on your Account, including a customer selected PIN (CSP). |
| **we** | The Standard Bank of South Africa Limited (Registration Number 1962/000738/06) and its successors or assigns. |

## 3 Applying for a card

3.1 Only a natural person may apply for a Card.

3.2 We will ask you for certain information before we can consider your application. You must provide complete and accurate information. We may decline the application at our discretion.

3.3 You must confirm your identity and we may decline the application if you cannot give us satisfactory proof of your identity.

## 4 Additional Cards

The issuing of Additional Cards will not affect any overdraft limit we allow on the Current Account.

## 5 Using your Card

5.1 Your Card is valid until:
- the last day of the month shown on the card,
- your Current Account is closed ;or
- your Card is revoked.

5.2 You can request and activate your PIN at any of our branches. You must provide proof of your identity.

5.3 You may use the Card to pay for goods and services at merchants who accept the Card.

5.4 You must sign a transaction slip when paying with your Card when:
- you use your Card to pay for goods and services at suppliers who accept the Card at a terminal not able to read the chip feature; and
- you are withdrawing cash through any means other than an electronic terminal.

5.5 You may use the Card to pay for goods and services up to a maximum value of R200 without entering your PIN or signing a transaction slip, at merchants where you see the MasterCard PayPass or Visa payWave logo.

5.6 You do not have to sign a transaction slip when you use your Card for remote transactions, such as placing orders by mail, telephone or the Internet.

5.7 When a Merchant processes a payment using a chip-enabled card at an EDC terminal, you must enter your PIN. You may also be required to sign a transaction slip.

5.8 If you enter your PIN incorrectly on three consecutive occasions at the EDC terminal, all Transactions will be denied. To use your Card again you will need to call one of our branches to have the PIN reactivated. You will be asked to prove your identification.

5.9 You are not entitled to exceed the overdraft facilities that we grant on your Current Account through use of your Card. You will be charged a fee if the balance goes above the account limit.

5.10 When you use the Card to access and to transact over our other delivery channels, for example Internet banking, the terms and conditions of that channel apply in addition to these Terms.

5.11 Our Secure Internet Shopping service increases your protection and security when you make purchases on the Internet.

5.12 Whenever you pay for purchases on the Internet, you must verify that you are the owner of your Card by inserting your Secure Internet Shopping PIN.

5.13 If you enter your Secure Internet Shopping PIN incorrectly three times in a row, all of your Transactions will be declined. To use your Card again, you need to call our Customer Contact Centre to have your PIN reset. A security check will be conducted to confirm your identity.

## 6 Unauthorised use of the card and PIN

6.1 LCP is included in the annual Card fee. It protects you against proven fraudulent, non PIN-based Card Transactions.

6.2 You may dispute that you authorised specific purchases or withdrawals debited to your Account. We will investigate it after we receive a signed statement from you that you had not authorised the Transaction.

## 7 Authority to debit your account

**7.1 We will charge your Current Account for any purchases or cash withdrawals you or your additional cardholders make using the card whether or not the slips or vouchers are signed.**

7.2 You will remain liable for any amount owing until the Current Account is credited.

## 8 Monthly statement

All Card Transactions will appear on your Current Account statement.

## 9 Charges

9.1 We set the yearly fee payable on your Card. The fees are published each year in our pricing brochure available at any Standard Bank branch and on our website **www.standardbank.co.za.**

9.2 International purchases are converted to rand at the wholesale exchange rate. A currency conversion fee will be charged if you use your card in a currency other than South African Rand.

## 10 General

10.1 When you renew your Card, we will send you updated Terms to your last chosen address. You are bound by the Terms in force at the time of any renewal or replacement.

10.2 These Terms are in addition to, and do not replace, those of the Current Account to which your Card is linked.

10.3 We may revoke your Card and the Additional Card at any time.


The Standard Bank of South Africa Limited (Reg. No. 1962/000738/06) An authorised financial services and registered credit provider (NCRCP15).

**English on reverse**

**1 Inleiding**

1.1 Hierdie Bepalings word van krag wanneer u aansoek doen om 'n Standard Bank-tjekkaart

1.2 U moet hierdie Bepalings, asook die Algemene Bepalings en Voorwaardes, ken, dit verstaan en daaraan voldoen, aangesien dit 'n bindende ooreenkoms tussen u en ons is.

1.3 As hierdie Bepalings bots met die Algemene Bepalings en Voorwaardes, geld hierdie Bepalings.

**1.4 Belangrike klousules wat ons verantwoordelikheid kan beperk of 'n risiko vir u kan inhou, word aangegee in vetdruk en skuinsdruk of word met kleur uitgelig. U moet spesiaal aandag skenk aan hierdie klousules**

**2 Woordomskrywing**

Ons omskryf sekere woorde vir konsekwentheid. Hierdie woorde sal met 'n hoofletter begin, waar dit so aangedui word. Woorde in die enkelvoud sluit meervoud in en andersom.

| | |
|---|---|
| **Bykomende Kaart** | Enige bykomende Tjekkaart wat gekoppel is aan u rekening. |
| **Debiet** | Die beweging van geld uit u Rekening uit. |
| **EDV** | 'n Skyfie-geaktiveerde elektroniese datavaslegging. |
| **Handelaar** | 'n Verskaffer van goedere of dienste. |
| **Kaarte** | 'n Standard Bank-tjekkaart wat gekoppel is aan die tjekrekening. |
| **Kaarttransaksie** | 'n Debiet wat gemaak is deur u Kaart te gebruik by 'n Handelaar. |
| **ons** | Die Standard Bank van Suid-Afrika Beperk (Registrasienommer 1962/000738/06), sy opvolgers of regsverkrygendes. |
| **OTM** | Outomatiese Tellermasjien |
| **PIN** | 'n Vertroulike persoonlike identifikasienommer wat gebruik word om u Rekening te bedryf, insluitend 'n PIN deur kliëntvgekies (PKG) |
| **PIN vir Internet** | 'n Bykomende PIN wat u kan skep vir inkope gebruik wanneer u inkope op die Internet doen deur u Kaart te gebruik. |
| **Rekeninghouer u** | Die persoon wat 'n tjekrekening het of aansoek om 'n tjekrekening gedoen het en aan wie 'n tjekrekening toegestaan is. |
| **Tjekrekening** | Die Rekening wat deur ons op u versoek in u naam geopen is waarteen alle Kaarttransaksies gedebiteer sal word. |
| **VKV** | Verlorekaartversekering. |

**3 Aansoek om 'n Kaart**

3.1 Slegs 'n natuurlike persoon mag om 'n Kaart aansoek doen.

3.2 Ons sal u vra vir sekere inligting voordat ons u aansoek kan oorweeg. U moet ons van volledige en korrekte inligting voorsien. Ons kan die aansoek na ons eie diskresie afkeur.

3.3 U moet u identiteit bevestig en ons kan u aansoek afkeur indien u ons nie bevredigende bewys van u identiteit kan gee nie.

**4 Bykomende Kaarte**

Die uitreik van Bykomende Kaarte sal nie enige oortrekkingsperk wat deur ons op die tjekrekening toegelaat word, beïnvloed nie.

**5 Gebruik van u kaart**

5.1 U kaart is geldig -
- tot op die laaste dag van die maand wat op u kaart
- verskyn, totdat die Tjekrekening gesluit word, of
- totdat die Kaart herroep word.

5.2 U kan u PIN by enigeen van ons takke aanvra en aktiveer. U moet bewys van identiteit kan verskaf.

5.3 U kan die Kaart gebruik om te betaal vir goedere en dienste by Handelaars wat die Kaart aanvaar.

5.4 U moet 'n transaksiestrokie teken wanneer u met u Kaart betaal, wanneer -
- u kaart gebruik om te betaal vir goedere en dienste by verskaffers wat die Kaart aanvaar by 'n terminaal wat nie die skyfie kan lees nie; en
- u kontant onttrek op enige manier buiten 'n elektroniese terminaal.

5.5 By handelaars waar u die MasterCard PayPass of Visa payWave kentekens sien, mag u met u Kaart betaal vir goedere en dienste tot 'n maksimum waarde van R200 sonder om u PIN in te sleutel of 'n transaksiestrokie te teken.

5.6 U hoef nie 'n transaksiestrokie te teken wanneer u u Kaart vir afstandtransaksies soos bestellings per pos, telefoon of die internet gebruik nie.

5.7 Wanneer 'n handelaar 'n betaling met behulp van 'n skyfiegeaktiveerde Kaart by 'n EDV-terminaal verwerk, moet u u PIN insleutel. Daar kan dalk ook van u verwag word om 'n transaksiestrokie te teken.

5.8 As u u PIN drie keer agtermekaar verkeerd insleutel by 'n EDVterminaal sal alle transaksies geweier word. Om weer u Kaart te gebruik, sal u een van ons takke moet bel om die PIN weer te aktiveer. U sal gevra word om u identiteit te bewys.

5.9 U mag nie die oortrekkingsfasiliteite wat ons toegestaan het op u Een Rekening oorskry deur van u Kaart gebruik te maak nie. Ons sal u 'n fooi vra as die saldo bokant die rekeningperk gaan.

5.10 Wanneer u die Kaart gebruik vir toegang tot of transaksies deur ons ander leweringskanale, byvoorbeeld Internetbankdienste, sal die bepalings en voorwaardes van daardie kanaal geld benewens hierdie Bepalings.

5.11 Ons Veilige Internet-inkoopdiens verhoog u beskerming en veiligheid wanneer u aankope oor die Internet doen.

5.12 Wanneer u ook al vir aankope oor die Internet betaal moet u seker maak dat u die eienaar is van u Kaart deur u Veilige Internetinkoop-PIN in te sleutel.

5.13 As u u Veilige Internet-inkoop-PIN drie keer agtermekaar verkeerd insleutel, sal al u transaksies geweier word. As u weer u Kaart wil gebruik, sal u na ons Kliënteskakelsentrum toe moet bel om die PIN weer te aktiveer. 'n Sekuriteitskontrole sal gedoen word om u identiteit te bevestig.

**6 Ongemagtigde gebruik van die Kaart en PIN**

6.1 VKV is ingesluit by die jaarlikse Kaartfooi. Dit beskerm u teen bewese bedrieglike, nie-PIN-gebaseerde Kaarttransaksies.

6.2 U kan u magtiging vir spesifieke aankope of onttrekkings wat teen u Rekening gedebiteer is, in geskil plaas. Ons sal dit ondersoek nadat ons 'n getekende verklaring van u ontvang dat u nie die Transaksie gemagtig het nie.

**7 Magtiging om u rekening te debiteer**

**7.1 Ons sal alle aankope of kontantonttrekkings wat deur u of u bykomende kaarthouers met die kaart gedoen word, teen u Tjekrekening debiteer, hetsy strokies of bewyse geteken is al dan nie.**

7.2 U sal aanspreeklik bly vir enige bedrag wat verskuldig is totdat die Tjekrekening gekrediteer is.

**8 Maandstaat**

Alle Kaarttransaksies sal op u Tjekrekeningstaat verskyn.

**9 Koste**

9.1 Ons stel die jaarlikse fooi vas wat vir u Kaart betaalbaar is. Die fooie word elke jaar in ons prysingsbrosjure gepubliseer en is beskikbaar by enige Standard Bank-tak en by ons webtuiste, **www.standardbank.co.za.**

9.2 Internasionale aankope word teen die heersende groothandelswisselkoers na rand omgesit. 'n Valutaomsettingsfooi word gehef indien u u kaart gebruik in 'n ander geldeenheid as Suid-Afrikaanse rand.

**10 Algemeen**

10.1 Wanneer u u Kaart hernu, sal ons bygewerkte Bepalings na u jongste gekose adres gestuur word. U word gebind deur die Bepalings wat ten tye van so 'n hernuwing of vervanging van krag is.

10.2 Hierdie Bepalings geld benewens dié van die Tjekrekening waaraan u Kaart gekoppel is, en nie ter vervanging daarvan nie.

10.3 Ons kan u Kaart en die Bykomende Kaart te eniger tyd terugtrek

 Die Standard Bank van Suid-Afrika Beperk (Reg.no. 1962/000738/06) 'n Gemagtigde finansiëledienste-verskaffer en geregistreerde kredietverskaffer (NCRCP15).